education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## ADDISIONELE MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2008, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD IN DIE 1960's?

   VRAAG 2: HOE HET UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA 'n WERKLIKHEID GEWORD?

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VANAF DIE 1960's TOT EN MET 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings en Swartmag-bewegings in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VANAF DIE 1960's TOT EN MET 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide die brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en die uitgebreide skryfwerk wat 30 punte tel.

4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE BERLYNSE MUUR OP DIE LEWENS VAN GEWONE BERLYNERS GEHAD?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, was die politieke verskille tussen Oos- en Wes-Berlyn? (2 x 1) (2)

1.1.2 Wat was die redes waarom die Oos-Duitse regering 'n versperring om Berlyn te verdeel, in Augustus 1961 gebou het? (2 x 2) (4)

1.1.3 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die skrywer se stelling dat die versperring wat op 17 Augustus 1961 gebou is, ' 'n wonderbaarlike erkenning van mislukking deur die Kommuniste' was. (2 x 2) (4)

1.1.4 Waarom was dit vir die Kommuniste nodig om die doringdraad-versperring met 'n versterkte betonmuur te vervang? (2 x 2) (4)

1.1.5 Hoe is die Berlynse Muur ontwerp om mense te verhinder om daaroor te klim? (1 x 3) (3)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Wat, dink jy, het Peter Fechter en sy vriende gemotiveer om na die Weste te vlug? (2 x 2) (4)

1.2.2 Waarom was Peter Fechter se vriend gelukkig om met slegs geringe beserings die Weste te bereik? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik waarom niemand vir Fechter gaan help het, terwyl hy kermend langs die muur om hulp lê en roep het nie. (1 x 2) (2)

1.2.4 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe jy dink hierdie insident 'n onderwerp vir Koue Oorlog-propaganda in die Weste kon geword het. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Wat was die doel van hierdie foto? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik hoe die volgende persone op hierdie foto kon gereageer het:

(a) 'n Oos-Duitse grenswag
(b) 'n Tiener wat in Wes-Berlyn gewoon het (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik watter van die twee bronne (Bron 1B of Bron 1C) die bruikbaarste sal wees vir 'n historikus wat navorsing oor die Berlynse Muur doen. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik waarom die Berlynse Muur 'n bekende simbool van die Koue Oorlog geword het. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die lengte van die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF 1.6.2.

1.5.1 Bespreek die impak van die Berlynse Muur op die lewens van gewone Berlyners gedurende die Koue Oorlog. (30)

**OF**

1.5.2 Berlyn het die pion van die Koue-Oorlog-wedstryd in Europa geword.

Gebruik die inligting uit die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir 'n historiese tydskrif om die bogenoemde stelling te ondersteun. (30)

**[75]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT DIE NUWE, ONAFHANKLIKE AFRIKASTATE IN DIE GESIG GESTAAR HET?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B en 2C en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Omskryf die volgende konsepte in jou eie woorde:

(a) Ujamaa (1 x 2) (2)
(b) Kapitalisme (1 x 2) (2)

2.1.2 Verduidelik, volgens hierdie bron, hoe ujamaa van Westerse sosialisme verskil. (2 x 2) (4)

2.1.3 Verduidelik hoe bruikbaar hierdie bron sal wees vir 'n historikus wat die houdings van Afrika-leiers teenoor demokrasie bestudeer. (5)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Watter neiging word deur die grafiek geïllustreer? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik die politieke, ekonomiese en sosiale uitdagings wat deur Kenia ondervind kon word, soos geïllustreer in die grafiek. (3 x 2) (6)

2.2.3 Lewer kommentaar op die beperkinge van die gebruik van hierdie grafiek om die uitdagings wat die nuwe, onafhanklike Afrikastate in die gesig gestaar het, te bespreek. (5)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Hierdie bron is uit 'n storieboek geneem. Verduidelik hoe dit die historiese betroubaarheid van hierdie bron affekteer. (5)

2.3.2 Verduidelik watter aspekte van hierdie bron deur 'n historikus as bruikbaar beskou kan word. (2 x 2) (4)

2.3.3 Watter bewyse is daar in die bron wat suggereer dat daar politieke uitdagings in Ghana was? (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik waarom die nuwe, onafhanklike Afrikastate met uitdagings opgesaal was. (6)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die lengte van die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF 2.5.2.

2.5.1 Bespreek die hoof politieke, ekonomiese en sosiale uitdagings wat die Afrikastate na onafhanklikheid in die gesig gestaar het. (30)

**OF**

2.5.2 Jy is 'n senior amptenaar by die Verenigde Nasies (VN). Gebruik al die bronne en jou eie kennis. Skryf 'n verslag vir die VN waarin jy 'n oorsig oor die politieke, ekonomiese en sosiale uitdagings wat die nuwe, onafhanklike Afrikastate in die gesig gestaar het, gee en maak aanbevelings van die stappe wat geneem behoort te word om die situasie in Afrika te verbeter. (30)
**[75]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: HOE HET DIE VELDTOGTE IN BIRMINGHAM DIE BURGERREGTE-BEWEGING BEÏNVLOED?

Gebruik Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Onttrek bewyse uit die bron om die volgende te ondersteun:

(a) Die burgerregteprotes in Birmingham was nie-gewelddadig (1 x 2) (2)

(b) Daar was steeds rassesegregasie (-skeiding) in die suide (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem DRIE maniere waarop die owerhede teen die burgerregte-betogers gereageer het. (3 x 1) (3)

3.1.3 Verduidelik wat President Kennedy bedoel het met: "Die Burger-regtebeweging behoort God te dank vir Bull Connor". (1 x 3) (3)

3.1.4 Waarom dink jy kon 'n foto, soos die een wat in hierdie bron ingesluit is, 'internasionale steun ... aangemoedig' het? (2 x 2) (4)

3.2 Lees Bron 3B deur.

3.2.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir 'n Afro-Amerikaner moeilik kon wees om 'n koppie koffie by 'n kos-toonbank te kry. (1 x 3) (3)

3.2.2 Verduidelik hoe wit Amerikaners op Martin Luther King Junior se brief sou reageer. (2 x 2) (4)

3.2.3 Waarom, dink jy, het Martin Luther King Jr. gevoel dat Afro-Amerikaners nie langer kon wag om burgerregte te verkry nie? (2 x 2) (4)

3.2.4 Verduidelik tot watter mate 'n historikus wat die Burgerregte-beweging bestudeer, hierdie bron as 'n betroubare bron sou beskou. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Waarom dink jy het die fotograaf hierdie spesifieke foto geneem? (1 x 2) (2)

3.3.2 Hoe bevestig hierdie foto (Bron 3C) die weergawe van polisie-brutaliteit soos in Bron 3A beskryf word? (2 x 2) (4)

3.3.3 Verduidelik hoe hierdie bron bruikbaar sou wees vir 'n historikus wat die Burgerregtebeweging bestudeer. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik waarom die Birmingham Veldtog noodsaaklik was. (6)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die lengte van die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF 3.5.2.

3.5.1 Die Birmingham Veldtog van 1963 het 'n betekenisvolle invloed op die Burgerregtebeweging gehad.

Stem jy saam? Bespreek hierdie stelling krities. (30)

**OF**

3.5.2 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n herdenkingsartikel vir 'n historiese joernaal oor hoe Martin Luther King se nie-gewelddadige protes 'n impak op die Burgerregte-beweging gehad het. (30)

**[75]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO SE IDEES VAN SWART BEWUSSYN DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Wat verstaan jy onder die konsep Swart Bewussyn (Black Consciousness)? (1 x 2) (2)

4.1.2 Verduidelik hoe Biko die behoefte aan Swart Bewussyn geregverdig het. (2 x 2) (4)

4.1.3 Wat, volgens Biko, moes eers gebeur voordat enige ware veranderinge in Suid-Afrika kon plaasvind? (1 x 3) (3)

4.2 Verwys na Bron 4B.

4.2.1 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat die aantal swart leerders in sekondêre skole tussen 1950 en 1975 toegeneem het? (2 x 1) (2)

4.2.2 Identifiseer DRIE uitdagings wat leerders in sekondêre skole in Soweto ondervind het. (3 x 1) (3)

4.2.3 Verduidelik hoe leerders in skole in Soweto polities bewus gemaak is. (2 x 2) (4)

4.2.4 Hoe het skole tot die verspreiding van die idees van Swart Bewussyn bygedra? (1 x 2) (2)

4.2.5 Verduidelik of hierdie bron bruikbaar is vir 'n historikus wat die invloed van Swartbewussynsidees in skole bestudeer. (2 x 2) (4)

4.3 Gebruik Bron 4C.

4.3.1 Verduidelik hoe hierdie bron Bron 4B komplementeer met betrekking tot die invloed van Swart Bewussyn in skole. (2 x 2) (4)

4.3.2 Wat sê die foto van gewapende polisiemanne vir jou oor die regering se reaksie op 16 Junie 1976? (1 x 3) (3)

4.3.3 Verduidelik tot watter mate hierdie bron as betroubaar beskou kan word deur 'n historikus wat die gebeure van die 1976 Soweto Opstand ondersoek. (2 x 2) (4)

4.3.4 Deur die inligting uit die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik hoe die houding van swart Suid-Afrikaners deur Swart Bewussyn beïnvloed is. (2 x 2) (4)

4.4 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik waarom skole gebruik is om die saak van Swart Bewussyn te bevorder. (6)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die lengte van die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF 4.5.2.

4.5.1 Bespreek hoe Biko se idees die Swartbewussynsbeweging (Black Consciousness Movement) in die vryheidstryd in die 1970's beïnvloed het. (30)

**OF**

4.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir 'n Erfenistydskrif oor die bydrae van die jeug van Soweto in die vryheidstryd in Suid-Afrika. (30)

**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou